

## **INTERNE REËLS : KAREEPARK AFREE-OORD : 10 FEBRUARIE 2015**

### **OPDATERING : 2 FEBRUARIE 2018**

#### **MOTIVERING**

Hierdie dokument gee 'n uiteensetting van die beheer, bestuur, administrasie en benutting van die wooneenhede en gemeenskaplike eiendom van Kareepark. Twee KBK dokumente is gebruik om die Kareepark Interne Reëls so prakties as moontlik aan inwoners uiteen te sit.

Eerstens is die Inligtingstuk vir voornemende inwoners, Kleinfontein Kareepark (April 2009), gebruik. Volgens hierdie inligtingstuk moet Kareepark Afree-oord 'n eenvormigheid t.o.v. die eksterne aansig handhaaf met 'n keuse van verskeie argiteksplanne. Daar word ook verwys na 'n Inwonerskomitee wat by die ontwerp van aanbouings en by die toelating van troeteldiere en ander aangeleenthede betrokke moet wees.

Tweedens word die KBK Interne Reëls (KBK-K0004 4 Julie 2007) se riglyne oor inwoners se verantwoordelikhede gebruik.

Kareepark se Inwonerskomitee het 5 persone genomineer om die Interne Reëls saam te stel en met insette van die inwoners, eienaars en huurders, te voltooи. Geleentheid is aan alle inwoners gegee om hulle menings te gee en na goedkeuring word versoek dat hierdie dokument as bylae by KBK se Interne Reëls geheg word.

Sien verklarende woordelys op bl. 8.

#### **WIE MAG HIER WOON**

- [1] Enige persoon bo die ouderdom van 50 jaar wat volgens die keuringsproses van KBK gekeur is.
- [2] Die eggenoot of een afhanglike volwasse kind, onder bogenoemde ouderdom, van so 'n gekeurde kwalifiseer ook.

#### **WIE IS BETROKKE**

Elke eienaar van 'n wooneenheid, (1) asook enige huurder van 'n wooneenheid in Kareepark is direk by die implementering van die huisreëls betrokke.

## **GEMEENSKAPLIKE EIENDOM**

Enige gedeelte van Kareepark wat nie deur gekarteerde woonerwe opgeneem word nie, word as gemeenskaplike eiendom (2) beskou. Sien KBK dorpskaart.

## **UITSLUITLIKE GEBRUIKSGEBIED**

Die eienaar of huurder van 'n wooneenheid in Kareepark het gebruik van die betrokke gedeelte en is ook verantwoordelik vir die instandhouding en skoonmaak van hierdie gedeelte. Die eienaar of huurder (inwoner) het ook die verantwoordelikheid om die sypaadjes aangrensend die betrokke erf in stand te hou. Laasgenoemde is gemeenskaplike eiendom en deel van KBK se padnetwerk of parke.

## **GROND**

Kareepark Aftree-Oord word op die grondplan van Kleinfontein aangedui.

## **INWONERSKOMITEE**

Die Inwonerskomitee van Kareepark bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter en drie bykomende lede wat jaarliks deur die Kareepark inwoners (eienaars en huurders) verkies word. (Sien Punt 8 van Kareepark Aftree-oord se Inligtingstuk). Die Komitee het geen uitvoerende gesag nie. Uitvoering setel in die Bestuur van KBK alleen.

-2-

## **REËLS**

### **ALGEMEEN**

Al die huisreëls is ipso facto ook van toepassing op huurders en alle persone wat op een of ander manier bewoningsreg van 'n wooneenheid verkry het (bewoners). Geen ooreenkoms met sodanige bewoner wat strydig is met hierdie bepalings sal geldig wees nie.

## **BESOEKERS/GASTE**

Al die onderstaande reëls geld ipso facto ook vir besoekers/gaste van eienaars/bewoners, sowel as vir enige persoon wat die Kareepark terrein binnekomm. Dit is die eienaar/bewoners se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle besoekers/gaste en ander persone alle reëls gehoorsaam en nakom.

## **VOERTUIE**

{1} Eienaars en bewoners van wooneenhede mag nie motorhuise vir huisvesting van werkers gebruik nie.

- {2} Indien die bewoner 'n motorhuis vir die herstel van voertuie of masjienerie wat 'n geraas mag veroorsaak vir besigheidsdoendes wil gebruik, moet vooraf toestemming van KBK via die Inwonerskomitee verkry word. Die aktiwiteite moet nie vir naburige inwoners steurend wees nie.
- {3} Geen eienaar, bewoner of besoeker mag 'n voertuig (3) vir langer as 7 dae op die gemeenskaplike eiendom (sien definisie p8) parkeer of laat staan nie. Die beweging van ander voertuie mag ook nie deur sodanige voertuig belemmer word nie.
- {4} Die Inwonerskomitee mag deur KBK se magtiging enige voertuig wat reël 3 oortree, op die koste van die eienaar laat verwyder of wegsleep.
- {5} Geen eienaar of bewoner word toegelaat om op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, 'n uitsluitlike gebruiksgebied of 'n deel daarvan, enige voertuig uitmekaar te haal of groot herstelwerk daaraan te doen nie. Kleiner herstelwerk of noodsaaklike instandhouding kan wel gedoen word.
- {6} Motorvoertuie mag nie teen 'n hoër spoed as 15 kilometer per uur in enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom bestuur word nie.
- {7} Geen swaarvoertuie (drie ton of swaarder) word op die gemeenskaplike eiendom toegelaat nie, behalwe KBK en/of noodvoertuie, meubelvervoerders, afleweringsvoertuie, ens.
- {8} Geen losgoed of ander voorwerpe mag op enige plek op die gemeenskaplike eiendom gelaat word nie.

-3-

### **SKADE OF VERANDERING AAN DIE GEMEENSKAPLIKE EIENDOM**

- {1} Geen eienaar of bewoner van 'n wooneenhed mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Inwonerskomitee enige deel van die gemeenskaplike eiendom, soos grensmure of betonmure verf of merke daarop aanbring, spykers of skroewe of iets soortgelyks daarin slaan of dit andersins beskadig, verander of ontsier nie.
- {2} Nieteenstaande reël 1 mag 'n eienaar of 'n persoon deur hom gemagtig:

- (a) Enige sluittoestel, veiligheidshek, diefwering of ander veiligheidstoestel vir die beskerming van sy wooneenheid aanbring.
  - (b) Enige skerm, motor/patio afdak/afdakdekking, moet esteties by die kompleks inskakel en die kleurskema wat alreeds bestaan moet so ver moontlik gebruik word. (Sien ook buite voorkoms soos bespreek by Punt 8 van die Kareepark Aftree-oord Inligtingstuk). Aansoeke met sketsplan, moet aan die Inwonerskomitee ingedien word vir finale goedkeuring (sien paragraaf oor afdakke).
- {3} Die eienaar/bewoner sal verantwoordelik gehou word vir enige skade van watter aard ookal wat aangebring word aan die gemeenskaplike eiendom en grensmure deur homself, sy familie, sy besoekers of inwoners. Alle kostes sal deur KBK bereken word en sal van die betrokke oortreder verhaal word om skade te herstel.

### **BUITE VOORKOMS**

- {1} Eienaars of bewoners van 'n wooneenheid, mag nie iets op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom en tuine plaas, of iets daarop doen wat na die oordeel van die Inwonerskomitee esteties onaanvaarbaar of ongewens voorkom nie. (Sien Punte 7 en 8 van Kareepark Aftree-oord Inligtingstuk).
- (a) Die installasie moet professioneel gedoen word na voorafgoedkeuring skriftelik verkry is van die Boutoesigkomitee (4) en Inwonerskomitee.
  - (b) Die afdak, styl en kleur moet esteties aanpas by die kompleks as geheel.
- {3} Verfwerk aan wooneenhede:  
Die kleur van die dakteëls, gewelplaat ("facia"), geute en afvoerpype moet aanpas by die bestaande kleurskema van die wooneenheid.
- {4} Gereedskapshuisies: Die volgende voorwaardes moet aan voldoen word:
- (a) Die oprigting moet professioneel gedoen word na voorafgoedkeuring skriftelik van die Inwonerskomitee verkry is.
  - (b) Die gereedskapshuisies mag geensins vir bewoningsdoeleindes aangewend word nie.

### **TEKENS EN KENNISGEWINGS**

Eienaars of bewoners van wooneenhede mag nie sonder die skriftelike toestemming van die

Inwonerskomitee 'n teken, kennisgewing, aanplakbord of advertensie van enige aard,  
hoegenaamd, op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom aanbring nie.  
(Bv. grensmure  
en betonmure.)

-4-

### **ROMMEL**

Die eienaar of bewoner van 'n wooneenheid mag nie enige rommel (5) op die gemeenskaplike eiendom stort nie. Tuinafval (slegs plantmateriaal) kan by die sentrale KBK stortingsterrein afgelaai word.

### **WASGOED**

'n Eienaar of bewoner van 'n wooneenheid mag slegs sy of haar eie wasgoedlyn gebruik en mag ook nie enige wasgoed of ander items aan die omheinings of die gemaanskaplike eiendom hang nie.

### **BEWARING VAN VLAMBARE STOWWE EN ANDER GEVAARLIKE**

#### **OPTREDES**

- {1} 'n Eienaar of bewoner van 'n wooneenheid mag nie groot hoeveelhede hoogs brandbare of plofbare vloeistof of materiaal op die erf opgaar nie. Dit sluit oplosmiddels, petrol, diesel en huishoudelike gas in.
- {2} Geen vuurwerke/klappers is toelaatbaar binne die Kareepark Aftree-Oord terrein nie.

### **VERHUUR VAN WOONEENHEDE**

- {1} Huurders moet die gewone keuring vir inwoners van Kleinfontein slaag en die Inwonerskomitee moet 'n inspraak by die keuring kry.
- {2} Alle huurders van eenhede en ander persone aan wie die reg tot okkupasie deur 'n eienaar van 'n betrokke eenheid verleen is moet hierdie gedragsreëls nakom, ondanks andersluidende bepalings vervat in enige huurooreenkoms, of die toestaan van 'n reg tot okkupasie.
- {3} Die Inwonerskomitee behou die reg om KBK te versoek om die eienaar van 'n wooneenheid opdrag te gee om die huurkontrak van enige huurder te kanselleer of wysig, indien die huurder hom nie aan die huisreëls onderwerp nie.

- {4} Volgens KBK regulasies verval 'n huurooreenkoms binne 2 maande na die afsterwe van die langlewende eienaar.

### **UITWIS VAN PLAЕ**

'n Eienaar moet sy wooneenheid vry hou van witmiere, boorinsekte en ander insekte wat hout vernietig en moet vir hierdie doel gemagtigde konrakteurs of KBK werknemers toelaat om sy erf of huis van tyd tot tyd te betree om die deel te inspekteer en sodanige stappe te doen as wat redelikerwys noodsaaklik is om enige sodanige plae uit te wis. Die koste van die insepksie, die uitwissing van sodanige plae, as wat binne die erf gevind word en die vervanging van enige hout of ander materiaal wat deel vorm van sodanige deel en deur sodanige plae beskadig is, word deur die eienaar van die betrokke eenheid gedra.

### **STILTE**

- {1} Alle eienaars en huurders is verantwoordelik om mede-bewoners van Kareepark Aftree-Oord in ag te neem en nie geraas (6) te maak nie. Dit geld ook vir hulle besoekers en kinders.
- {2} Dit geld veral vir die tye tussen 20:00 in die aand en 06:00 in dieoggend vir alle dae. Op Sondae word verwag dat die stilte die hele dag gehandhaaf word.

-5-

- {3} Inwoners moet hulle bure vroegtydig laat weet van enige partytjie of byeenkoms en alle geraas en steurnis moet gestaak word, 22:00 op weeksdae en 24:00 op Vrydae, Saterdae en op enige dag voor 'n publieke vakansiedag.

### **TUINE**

- {1} Geen plante, blomme en bome mag in die gemeenskaplike eiendom aangebring, of daaruit verwijder word, alvorens daar nie toestemming van die Inwonerskomitee verkry is nie. Vir versiering van die gemeenskaplike gedeelte word slegs inheemse plante verkies. (Bewarea regulasie).
- {2} Storting van tuinafval is verbode op oop erwe en straatkante en moet deur die inwoners self, weekliks, na die tuinafvalterrein geneem word. (KBK vergunning vir storting van uitsluitlik plantmateriaal).

{3} Tuine, binne erwe, is geregistreer as eksklusieve gebruiksareas.

### **STOKPERDJIES**

Geen stokperdjies of enige aktiwiteit mag beoefen word as dit 'n steurnis vir ander bewoners mag veroorsaak nie.

### **KINDERS**

- {1} Inwoners moet hulle kinders asook die kinders van hulle besoekers dienooreenkomsdig beheer, sodat daar geen skade aangerig kan word of hulle 'n oorlas vir ander inwoners veroorsaak nie. In besonder mag kinders nie met veiligheidshekke, interkomstelsels, plante, versierings of naamplate speel of daaraan peuter nie.
- {2} Owers neem verantwoordelikheid vir hul kinders se veiligheid op die gemeenskaplike eiendom.
- {3} Inwoners en alle besoekers moet bewus wees dat voetgangers die reg van weg het en die maksimum spoed van 15 km per uur moet te alle tye gehandhaaf word.

### **WERKERS**

- {1} Inwoners moet verseker dat hulle werkers geen geraas binne die Kareepark terrein veroorsaak nie. (Sien paragraaf STILTE).
- {2} Geen huishulp, tuinhulp of ander arbeider mag op die perseel of in 'n eenheid se motorhuis of enige ander struktuur gehuisves word nie, behalwe in die eenheid self.

### **BESIGHEIDSAKTIWITEITE**

- {1} Geen besigheid, ambag, professie of drankverkope mag sonder toestemming binne die Kareepark Aftree-Oord terrein beoefen word nie.
- {2} Geen vendusies, veilings of rommelverkopings mag binne die terrein gehou word nie, uitsluitlik dié van wooneenhede.

## **BRAAIGERIEWE**

Braaifunksies word slegs binne erwe gehou, behalwe tydens gesamentlike inwonersbyeenkomste waar daar buite erwe tydelike braaigeriewe aangebring kan word.

## **DIERE, REPTIELE EN VOËLS**

- {1} 'n Eienaar of bewoner van 'n wooneenheid mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Inwonerskomitee enige dier, reptiel of voël in die erf aanhou nie. Sodanige toestemming sal nie sonder goeie rede weerhou word nie. (Sien Punt 26 KBK Interne Reëls).
- {2} Wanneer die Inwonerskomitee sodanige toestemming verleen, kan hulle enige redelike voorwaardes stel.
- {3} Die Inwonerskomitee kan sodanige toestemming terugtrek indien enige voorwaarde opgelê kragtens sub-reël (2) verbreek word.
- {4} Voorwaardes
  - (a) Geen honde mag binne Kareepark sonder 'n leiband beweeg nie.
  - (b) 'n Bewoner moet daagliks die hondemis binne die erf optel.
  - (c) Indien 'n troeteldier op die gemeenskaplike area mors moet die eienaar dit onmiddellik optel.
  - (d) Geen hond mag 'n steurnis veroorsaak en aanhoudend blaf nie.
  - (e) Geen troeteldier mag enige skade aan enige eiendom veroorsaak nie.
  - (f) Geen troeteldier mag enige persoon beseer nie.
  - (g) Die grootte en die aard van die troeteldier en die grootte van die perseel sal in aanmerking geneem word by oorweging of toestemming verleen sal word al dan nie. (Verwys Inligtingstuk April 2009).
  - (h) Voortaan sal 'n maksimum van twee honde toegelaat word.
  - (i) Gesteriliseerde honde, met sertifikaat om as bewys te dien!
  - (j) Geen katte word binne Kareepark Aftree-Oord toegelaat nie.
  - (k) Honde mag net aangehou word in behoorlik omheinde persele.
  - (l) Die gedrag van huisdiere moet voldoen aan die redelike en aanvaarbare vereistes en behoeftes van die gemeenskap.
  - (m) Voëls en kleinwild mag nie deur honde of katte gejaag, gejag of verwilder word nie.
  - (n) Indien inwoners loslopende honde of katte nie self inperk nie sal KBK sulke inwoners verplig om van hulle diere ontslae te raak of as

samewerking nie verkry word nie, sal KBK verplig wees om sulke diere vankant te laat maak. (Sien Punt 26.6 KBK Interne Reëls).

### **VULLISVERWYDERING**

- {1} Huishoudelike afval in swart plastieksakke word twee keer per week uitgesit vir verwydering deur die KBK kontrakteur.
- {2} Inwoners moet hul eie reëlings met die kontrakteur tref vir die verwydering van bykomende vullis soos verpakkingsmateriaal en kartonne. Bourommel moet deur die eienaar self verwyder word of 'n kontrakteur moet verkry word.
- {3} Vullis lossing mag nie teenstrydig met die regulasies van KBK wees nie. Soos byvoorbeeld in geval van gebreekte glas moet dit in 'n dubbellaag koerantpapier ie plastiek toegedraai wees. Geen klip, sand of bourommel mag in vullissakke geplaas word nie. Vullishouers moet skoon en higiënies gehou word.

### **WERKERS**

Daar word slegs van volkseie arbeid gebruikgemaak vir instandhouding en herstelwerk van geboue en tuine. Indien geen sodanige arbeid beskikbaar is nie kan met die Inwonerskomitee onderhandel word om by KBK vir verslapping aansoek te doen. Dit geld byvoorbeeld vir versekeringseseise waar die versekeraar nie volkseie arbeid kan voorsien nie.

### **SWEMBADAREA**

Die swembad is aangrensend aan die Kareepark Aftree-Oord terrein en die Inwonerskomitee het nie beheer oor die toegang, bestuur en instandhouding van die swembad nie.

### **KLAGTES**

Eienaars en bewoners van Kareepark Aftree-Oord kan besware en voorstelle skriftelik by die Wyksverteenvoerdiger indien, waarna dit aan die Inwonerskmitee-lede voorgelê sal word en indien hulle nie by magte is om daarmee te handel nie, sal dit onder die aandag van KBK Bestuur gebring word.

## **SLOTSOM**

Daar word vertrou dat die samewerking van alle inwoners met betrekking tot die handhawing van hierdie reëls as gedragskode sal dien tot 'n aanvaarbare lewensstyl vir alle Kareepark inwoners.

Hierdie reëls en gedragskode is deur die Kareepark Inwonerskomitee saamgestel en deur die Inwoners van Kareepark goedgekeur.

FRIK OBERHOLSTER

LOUIS SWART

---

**WYKSVERTEENWOORDIGER**

---

**SEKUNDUS**

## **VERKLARENDE WOORDELYS**

- (1) Wooneenheid op 'n gekarteerde gebruikserf.
- (2) Gemeenskaplike eiendom – die gebied van Kareepark buite erwe wat paaie, sypaadjes en onbebuoude grond uitmaak.
- (3) Voertuig – sluit motors, motorfietse, woonwaens, sleepwaens, landbou-implemente in.
- (4) Bouteesigkomitee – KBK komitee wat toesig oor alle bouwerk in Kleinfontein hou.
- (5) Rommel – sluit huishoudelike afval, tuinafval, verpakningsmateriaal en bou-afval in.
- (6) Geraas sluit in musiek, elektriese en petrol tuin-implemente, gereedskap vir konstruksie ens.

Met goedkeuring van die Inwonerskomitee verwys na Interne Reëls van KBK.

